# “DE OVERVAL”: AANSLAG OP SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEK IN AMSTERDAM

**HO Terblanche**[1]

***Abstract***

*The South African Institute (SAI) on Keizersgracht 141, Amsterdam, was seen as the most important library on the subject of South Africa in Europe. It had a comprehensive collection of Africana, dating back to the eighteenth and nineteenth centuries. On January 19, 1984, more than 50 young people, wearing black stockings over their heads, forced their way into the building. They wreaked havoc. Bookshelves were pulled over and books and documents, and the building façade were splashed with “paint and oil bombs”. Hundreds of books were hurled into the adjacent canal. A radical group of anti-apartheid protestors, calling themselves “Amsterdammers against racism and discrimination”, claimed responsibility for the library's destruction. They declared that the institute supported apartheid. For them the library was primarily a symbol of repressive ideals and hated policy. They destroyed the library because, according to them, the Dutch government was dragging its feet over the issue of condemning South Africa and breaking off contact. In South Africa, newspapers responded to the attack on the library with outrage and moral indignation. Dutch newspapers also decried the incident as violent and senseless. Even the Dutch anti-apartheid organisations were critical of the vandalism. The library was, ironically, also used by vocal opponents of apartheid. It also contained works which were forbidden in South Africa.*

**Keywords:** Amsterdam; Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging (NZAV); South African Institute (SAI); anti-apartheid movement; Keizersgracht 141; cultural relations; political violence; “Amsterdammers against racism and discrimination”; destruction of books.

**Sleutelwoorde:** Amsterdam; Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging (NZAV); Suid-Afrikaanse Instituut(SAI); anti-apartheidsbeweging; Keizersgracht 141; kulturele betrekkinge; politieke gewelddade; “Amsterdammers tegen racisme en discriminatie”; boekvernietiging.

## 1. INLEIDING

Amsterdam was die toneel van heelwat anti-apartheidsdemonstrasies gedurende die 1970’s en 1980’s. In daardie jare was Amsterdam in ’n sekere sin die senusentrum van anti-apartheidsprotesaksies in Nederland. Hierdie protesaksies het egter nie altyd vreedsaam verloop nie.

1 Prof. Otto Terblanche, Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Port Elizabeth. E-pos: otto.terblanche@nmmu.ac.za

Die tagtigerjare is gekenmerk deur toenemende meer links-radikale verset en gewelddadige optrede teen apartheid, veral vanweë ’n oorverhitte politieke klimaat. Hier word veral gedink aan “de overval” op 19 Januarie 1984 toe tientalle gemaskerde, jeugdige anti-apartheidsaktiviste die Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging (NZAV) en die Suid-Afrikaanse Instituut (SAI) te Keizersgracht 141 binnegeval, groot verwoesting gesaai en stapels boeke in die grag gegooi het.

In dié artikel word hierdie gewelddaad ontleed en in perspektief geplaas. Dit is gevolglik nodig om die revolusionêre klimaat wat in die tagtigerjare in Amsterdam geheers het van nader te beskou. Die vraag moet ook beantwoord word waarom spesifiek die NZAV en SAI geteiken is.

Wat was die oogmerk van die geweldenaars se optrede? Uit die tydgenootlike dokumente is dit duidelik dat die geweldenaars selfs die anti-apartheidsgroeperinge van hulle vervreem het. Wanneer die Suid-Afrikaanse en Nederlandse reaksies ontleed word, is dit duidelik dat die vandale se gewelddaad wyd veroordeel is.

## 2. ’N GEPOLARISEERDE KLIMAAT

Politiek-gemotiveerde gewelddade in die tagtigerjare kan onder meer teruggevoer word na die “kraakbeweging” – die besetting van leegstaande geboue. Hierdie beweging wat sy oorsprong in die laat 1960’s het, was tot in die laat sewentigerjare geweldloos. Daarna het ’n radikalisering ingetree en sedert 1980 was die beweging meer gewelddadig. Toenemende konfrontasie het dus tussen die krakers en die polisie plaasgevind. Die beweging het sedert 1982 begin agteruitgaan.[2]

Vanuit die kraakbeweging is aksies gevoer rondom temas soos kernenergie, antimilitarisme, anti-imperialisme, antifascisme, antirassisme en vroue-emansipasie.[3] Die anti-imperialistiese benadering het in die teken gestaan van ’n stryd teen Westerse kapitalistiese uitbuiting en onderdrukking. Hiervolgens is alle ellende van die Derde Wêreld (armoede en hongersnood, diktature en onderdrukking, apartheid en rassisme) veroorsaak deur die neokolonialisme van die Weste. Ingevolge dié benadering sou meer bemoeienis met die lande van die Derde Wêreld gemaak word.[4]

Die Centrumpartij het in 1983 en 1984 na vore getree as ’n regs-radikale party met ’n vergrote steunbasis. Hierdie ekstreem-regse party, wat in 1980 sy beslag gekry het, het onder meer sterk te velde getrek teen die aanwesigheid van honderdduisende buitelanders (Surinamers, Turke en Marokkane) in Nederland. Dié anti-immigrasieparty was openlik rassisties en hul slagspreuk was “ Eigen

---

2 FJ Buijs, *Overtuiging en geweld: Vreedzame en gewelddadige acties tegen de apartheid* (Amsterdam, 1995), pp. 61-76.

3 *Ibid.*, pp. 76-83.

4 *Ibid.,* pp. 237-238.

volk eerst”. Die opkoms van die Centrumpartij het aanleiding gegee tot heftige debatte oor die opkomende fascisme, rassisme en diskriminasie.[5] Antimilitarisme, anti-imperialisme, antifascisme en antirassisme het, volgens Buijs, “een belangrijke impuls gegeven aan de latere gewelddadige acties tegen de apartheid”.[6]

Hierdie uiteenlopende aksies het in 1982 ’n meer strukturele karakter gekry, onder meer deur die oprigting van die weekblad *Bluf!* Die drukpers is naamlik beskou as ’n wapen in die revolusionêre stryd. Die blad het ’n sleutelrol gespeel in die links-radikale bewegings. Die anargistiese blad *Bluf!* het van Januarie 1982 tot April 1988 verskyn. Die blad het sy lesers opgeroep tot terreur en “lesgegeven in inbreken, brandaanslagen en bommen maken”.[7]

Die Revolutionaire Anti-Racistische Aktie (RaRa) was ’n terreurgroep wat in die tagtigerjare deur middel van brand- en bomaanslae skade van honderde miljoene euro’s veroorsaak het. RaRa het onder meer Nederlandse ondernemings met belange in Suid-Afrika geteiken. Hulle het brande gestig in die naam van die stryd teen apartheid. Die eis van die terroriste was: stop beleggings in Suid-Afrika.[8]

Anti-apartheidsaktiviste het sterk op die groothandelsbedryf, Makro, gefokus. Die moedermaatskappy van Makro was die Steenkolen Handelsvereniging (SHV). In die nag van 7 Augustus 1985 is die hoofkantoor van die SHV in Utrecht met olie en verf besmeer. Die radikales het ook ruite stukkend gegooi. Op 17 September 1985 is die Makro-onderneming in Duivendrecht by Amsterdam deur RaRa afgebrand. Die skade het 28 miljoen gulden beloop. Op 18 Desember 1986 is opnuut probeer om die Makro-onderneming in Duivendrecht af te brand. Die brand is egter gou ontdek. Dieselfde nag is Makro in Duiven afgebrand. Die skade het 49 miljoen gulden beloop. Op 10 Januarie 1987 is die Makro-onderneming in Nuth afgebrand. Die skade het 39 miljoen gulden beloop. Die verpakkingsmaatskappy Van Leer se hoofkantoor in Amstelveen het ook op 4 Desember 1985 onder die aktiviste deurgeloop en tientalle ruite is stukkend gegooi en die gebou is met verf besmeer. Op 9 Julie 1986 het RaRa brand gestig by Van Leer.[9]

---

5 “Anti-fascisten horde barbaren,” *Het Parool*, 30 Januarie 1984; Parlement & Politiek: Centrumpartij(CP), <http://www.parlement.com/id/centrumpartij_cp>, geraadpleeg 13 Februarie 2013; Centrumpartij (Nederland), <http://nl.wikipedia.org/wiki/Centrumpartij_(Nederland)>, geraadpleeg 13 Februarie 2013.

6 Buijs, p. 83. Kyk ook R Knuth, *Burning books and leveling libraries: Extremist violence and cultural destruction* (Londen, 2006), pp. 56-58.

7 P Siebelt, *RaRa – Wie ben ik?* (Soesterberg, 2003), pp. 8-25.

8 Vir ’n oorsig van Nederlandse ondernemings met belange in Suid-Afrika, kyk P Denekamp en P Juffermans, *Nederland investeert in Apartheid* (Amsterdam/Utrecht, 1985), pp. 95-151; R van Mierlo (red.), *Handel tegen Apartheid* (Den Bosch, 1987), pp. 47-51; M van Klaveren (red.), *Nederland’s aandeel in Apartheid* (Amsterdam/Utrecht, 1987), pp. 66-89.

9 Siebelt, pp. 17-18, 65-70; Buijs, pp. 99-120; *de Volkskrant*, 18 November 2010; *Trouw*, 18 November 2010; MP Gijsbertse, *Het dossier RaRa, 1985-1993* (Masterscriptie, Universiteit

Shell-vulstasies in ‘t Harde, Zwolle en Amsterdam is in Mei en Junie 1986 deur anti-apartheidsaktiviste beskadig en aan die brand gesteek. RaRa het op 19 Junie 1987 Shell-vulstasies in Zaandam en Nieuwegein afgebrand en op 26 Junie 1987 ’n olie-depot van Shell in Alphen aan den Rijn aan die brand gesteek. Op 7 Maart 1988 is 40 Shell-vulstasies oor die hele land beskadig. Die pype van die petrolpompe is onder meer deurgesny. Gedurende 1988 en 1989 het omtrent 100 sodanige vandalistiese aksies plaasgevind. In April 1989 was daar ’n blokkade teen die Shell-laboratorium in Amsterdam-Noord en ’n aanslag op ’n Shell-depot in Hilversum. Die oogmerk was om Shell te dwing om aan Suid-Afrika te onttrek.[10]

Volgens die Nederlandse navorser, Frank J Buijs, was daar in die tagtigerjare 359 politieke geweldddade in Nederland; daar was 139 voorvalle van anti-apartheidsgeweld, oftewel ruim 38 persent. In 1985-1986 vorm anti-apartheidsgeweld ongeveer 40 persent van alle politiek gemotiveerde geweldddade; in 1988-1989 ruim 80 persent.[11] Anti-apartheidsgeweld in Nederland in die laat 1980’s was in ooreenstemming met ’n groter swaai in Westerse internasionale opinie teen die Suid-Afrikaanse apartheidsbeleid. Die Nederlandse regering het ’n terughoudende ingesteldheid teenoor Suid-Afrika openbaar, wat tot verdere polarisasie in die Nederlandse samelewing gelei het. Hierbenewens het Suid-Afrika verder in ’n staat van onverklaarde oorlog verval. Dit sou die geweldsklimaat in Nederland verder aktiveer. Suid-Afrika se internasionale isolasie het vinnig toegeneem. Anti-apartheid was die belangrikste politieke brandpunt en dryfveer van die dag. Onverdraagsaamheid het hoogty gevier. Die anti-apartheidsbeweging het ’n steeds meer prominente rol gespeel wat die beïnvloeding van die openbare mening in Nederland betref.

## 3. DIE GEWELDDAAD

Anti-apartheidsaktiviste het die Van Riebeeckhuis te Keizersgracht 141, Amsterdam, reeds vóór “de overval” op 19 Januarie 1984 geteiken. Die Sharpeville-skietery in Suid-Afrika op 21 Maart 1960 het tot die eerste voorvalle aanleiding gegee. Die daaropvolgende aand is die woord “moordenaars” met grys verf op die muur van die herehuis geskilder. Die aand van 23 Maart 1960 het die polisie ’n groep van 150 jeugdige betogers by die huis verjaag. Nadat die polisie vertrek het, is ’n plakkaat met die woorde “Moord, Zuid-Afrika, 1960” op die voordeur geplak. Die protesteerders het ook ’n pamflet “Tegen Negervervolging in Zuid-Afrika!”

van Utrecht, 2008), pp. 33-40; “ Verf en stenen in strijd tegen Z-Afrika,” *NRC Handelsblad*, 14 Augustus 1985;”Reacties en tegenreacties,” *Nederlandse Post*, September 1985.

10 Siebelt, pp. 70-74, 126-131; Buijs, pp. 130-142; Gijsbertse, pp. 37- 42; *De Telegraaf*, 18 April 1989. Kyk ook G Klein, “Nederland tegen Apartheid: The role of Anti-Apartheid Organisations, 1960-1990,” *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, Junie 2004, pp. 57-58.

11 Buijs, pp. 173-174.

uitgedeel.[12] Die aand van 6 April 1960 is bottels, gevul met blou en groen ink, deur die ruite van die herehuis gegooi. Vanweë stewige blindings is die boekery gelukkig nie beskadig nie.[13]

Tientalle lede van die Algemeen Nederlands Jeugd Verbond (ANJV) het die herehuis op 22 Augustus 1978 vir twee ure lank beset. Die NZAV is daarvan beskuldig dat hy propaganda maak vir die “rassistiese” Vorster-bewind in Suid-Afrika.[14] Op 5 April 1979 het ongeveer 80 jongmense (skoliere) die gebou beset en amok gemaak. Hulle het protes aangeteken teen die teregstelling van die ANC-aktivis, Solomon Mahlangu. Die polisie moes toe die gebou ontruim.[15] Anti-apartheidsaktiviste het die gebou op 23 Julie 1985 met verfbomme bestook. Hulle het die NZAV, ten onregte, gesien as ’n “lobbyclub voor de apartheid”.[16]

Onvervangbare geskiedkundige boeke en dokumente, ’n kosbare deel van Suid-Afrika se kulturele erfenis, is op Donderdagmiddag, 19 Januarie 1984, in Amsterdam verniel. ’n Groep van tussen 50 en 60 gemaskerde jeugdiges het die biblioteek van die SAI en die kantore van die NZAV te Keizersgracht 141 binnegedring en grootskaalse verwoesting gesaai. Die aanval het tussen 16:00 en 17:00 die middag plaasgevind. Vier lede van die groep het by die deur aangeklop onder die voorwendsel dat hulle inligting oor Suid-Afrika wou hê en daarom naslaanwerk in die biblioteek wou doen. Nadat ’n sein met ’n fluitjie gegee is, het hulle die deure oopgeforseer om die groep van sowat 50 jeugdiges, met swart kouse oor die koppe, die gebou binne te laat.[17]

Onherstelbare skade is binne 15 minute aangerig. Die telefoondrade is onmiddellik afgesny en die groep vandale het vinnig en doelgerig deur die herehuis beweeg en ’n spoor van chaos agtergelaat. Boekrakke is omgeruk en tydskrifte het besaai op die vloere gelê. Na raming is ongeveer 1 200 boeke verniel, hetsy deur waterskade – boeke wat in die grag gegooi is, – olieskade – olie wat saamgebring is en oor stapels boeke uitgestort is, asook verfskade deur verfbomme aangerig. Die verfbomme wat alles besmeer het, het bestaan uit ’n mengsel van teer, drukkersink en swart verf. Die biblioteek as geheel en die gewel van die gragtehuis is met verfbomme

12 Amptelike mededelings van mnr. KEO von Bose, administrateur van die Van Riebeeckhuis, 23 en 25 Maart 1960 (NZAV- argief, Amsterdam); *De Telegraaf,* 24 Maart 1960.

13 Amptelike mededelings van mnr. KEO von Bose, 7 April 1960 en 8 April 1960 (NZAV-argief, Amsterdam).

14 *Zuid-Afrika*, September 1978, p. 122.

15 *Ibid.*, April 1979, p. 50; *De Telegraaf*, 6 April 1979; Amptelike mededeling van die NZAV, 12 April 1979 (NZAV- argief, Amsterdam).

16 *Trouw*, 24 Julie 1985; *Bluf!*, 25 Julie 1985.

17 “SA skatte verniel in aanval,” *Die Burger*, 20 Januarie 1984; “Soektog na boeke in grag”, *Die Burger*, 21 Januarie 1984; “Vernielingen Keizersgracht”, *Zuid-Afrika*, Januarie 1984, p. 2; *Jaarverslag van de NZAV*, *1984,* pp. 43, 48.

besmeer. Kataloguslaaie is uitgeruk en duisende kataloguskaartjies is in die grag gegooi. Fotokopieer- en mikrofiche-apparate is stukkend gegooi.[18]

Volgens mev. Joke de Waard, sekretaris van die NZAV, wie se kantoor op die eerste verdieping was, was die aanslag fyn uitgewerk. Die vrouepersoneel van die biblioteek het geen verweer teen die indringers gehad nie. Voordat hulle hul kon verset, was die skade gedoen en die vernietiging voltooi. Die biblioteekpersoneel was absoluut magteloos. Die vandale was weg nog voordat die polisie opgedaag het. Die polisie kon dus niks doen om groter skade te voorkom nie.[19]

Ongeveer 450 boeke het heeltemal verlore gegaan; feitlik net soveel was vanweë verf- en olieskade so goed as verlore – restourasie daarvan was feitlik onmoontlik. ’n Verdere 350 boeke wat in die grag gegooi is, het waterskade opgedoen; slegs ’n gedeelte daarvan kon met hoë koste restoureer word. Onvervangbare 18de en 19de eeuse werke het ook in die slag gebly. Kosbare boeke en dokumente uit die jare van die Zuid-Afrikaansche Republiek het verlore gegaan. Na die gewelddaad het byna geen boek meer op sy plek gestaan nie. Die biblioteek het sowat 20 000 historiese werke bevat. Die biblioteek het ook anti-apartheidspublikasies en werke wat in Suid-Afrika verbode was, gehuisves. Die vandale het selfs van die verbode boeke in die grag gegooi. Die skade is op etlike honderdduisende rande geraam. Die waterpolisie kon wel van die boeke en dokumente uit die grag red. Die klewende massa papier is in ses groot possakke versamel, om later uitmekaar gehaal en gedroog te word.[20]

Dit is nie alleen boeke uit die kosbare Africana-versameling wat oor jare met groot sorg opgebou is, wat verlore gegaan het nie. Talle tydskrifreekse was ook na “de overval” onvolledig. Amptelike korrespondensie en dokumentasie van die NZAV is ook gesteel, sowel as kosbare gedenkpennings. ’n Gedeelte van die ledelyste is ook met geweld van die sekretaris van die NZAV afgeneem. Die groep “Amsterdammers tegen racisme en discriminatie” het verantwoordelikheid vir die gewelddaad aanvaar. Teen April 1984 kon die polisie nog nie die identiteit van die daders van “de overval” vasstel nie. Die minister van justisie, Korthals Altes, het wel namens die Nederlandse regering verklaar dat “gewelddadig optreden jegens andersdenkenden past niet in een democratische rechtsorde”. Die verniel van onder meer boeke wek volgens hom “ verontrusting en afschuw”. [21]

18 *Die Burger*, 20 en 21 Januarie 1984; *Zuid-Afrika*, Januarie 1984; *Jaarverslag van de NZAV, 1984*, pp. 43, 48.

19 *Die Burger*, 20 Januarie 1984; J de Waard-Bijlsma en F de Waard, *Thuis in de Mauritsstraat* (Amsterdam, 2010), pp. 29-31.

20 “Deel van SA geskiedenis dalk verlore”, *Die Burger*, 21 Januarie 1984; “Boeke-vandale was soos Nazi’s”, *Die Burger*, 25 Oktober 1984; *Nederlandse Dagblad*, 1 Februarie 1984; *Jaarverslag van de NZAV*, 1984, pp. 43, 48; *de Volkskrant*, 28 Januarie 1984.

21 *Zuid-Afrika*, Januarie 1984, pp. 1-2; *Zuid-Afrika*, April 1984, p. 50; Tweede Kamer der Staten–Generaal, Vergaderjaar 1983-1984, Aanhangsel van de Handelingen, p. 1299.

Dr. GJ Schutte, voorsitter van die NZAV, het tydens die jaarlikse algemene vergadering van die NZAV in April 1984 die volgende opsomming gegee wat die skade aan die biblioteek betref: "Ongeveer 80 boeken bevinden zich met ernstige waterschade bij de restaurateur, 100 verdere hebben zoveel waterschade opgelopen dat ze af te schrijven zijn, 200 verfschade, 400 olieschade, 100 boeken uit de NZAV-collectie – meest waardevolle, oudere werken – zijn verdwenen, evenals een 400 boeken uit de SAI-collectie." Die feit dat die kataloguskaartjies ook vernietig is, maak dit moeilik om presies te bepaal watter boeke weg is.[22]

Die biblioteek het na "de overval" stapels boeke ontvang van meelewende mense uit Nederland en Suid-Afrika en ook van biblioteke en uitgewerye uit Suid-Afrika. "Een mooie pleister op de wond", aldus mev. Joke de Waard.[23] Lede van die NZAV het ook geld geskenk wat aan die SAI oorgedra is ten einde die verlore boeke te vervang. Boekhandelaars en verenigings vanuit Suid-Afrika het ook boeke geskenk. Van die 402 nuwe boekaanwinste vir die SAI in die boekjaar 1984, was 356 afkomstig uit skenkings. Die goeie gewers was onder meer die Staatsbiblioteek, die Suid-Afrikaanse Biblioteek, die Universiteit van Suid-Afrika, Human en Rousseau, Tafelberg, JL van Schaik en die Randse Afrikaanse Universiteit.[24]

Die vernielde biblioteek is na die gewelddaad voorlopig gesluit. Volgens dr. Schutte moet 'n biblioteek gebruik word: "Maar er moeten wel maatregelen worden genomen om te voorkomen dat de collectie opnieuw het water in gaat … Ik denk aan een regeling waardoor alleen serieuze gebruikers toegang krijgen. Het is in universiteits- en andere bibliotheken heel gewoon dat mensen zich legitimeren. Studenten moeten hun collegekaart laten zien, andere gebruikers hebben een pasje. Zoiets zal bij ons ook kunnen gebeuren."[25]

Die bestuur van die SAI het toe wel streng toelatingsvereistes vir die biblioteek ingestel. Voornemende gebruikers moes vooraf per pos aansoek doen om verlof vir 'n besoek. By die aansoek moes 'n geskikte aanbeveling van 'n tweede persoon, asook 'n opgawe van redes vir en doel van die besoek, ingesluit word. Nadat die skriftelike toestemming per pos ontvang is, moes 'n afspraak vir die besoek telefonies gereël word, en die skriftelike verlof by die veiligheidsdeur getoon word. Daar mag ook nie meer as twee mense gelyktydig in die biblioteek wees nie. Akademici het die vrees uitgespreek dat hierdie uiters streng maatreëls die studie van Afrikaans in Amsterdam ernstig kan benadeel.[26]

22 *Zuid-Afrika*, April 1984, p. 56.
23 De Waard-Bijlsma en De Waard, p. 31.
24 *Jaarverslag van de NZAV*, *1984*, pp. 43, 48.
25 "Vernielde bibliotheek voorlopig dicht", *de Volkskrant*, 28 Januarie 1984.
26 "'n Oorreaksie kan Afrikaans knou", *Beeld*, 14 Augustus 1984.

## 4. DIE NZAV EN SAI

Die vryheidstryd van die Transvaalse Boere in 1880-1881 het tot ’n opwelling van pro-Boer entoesiasme in Nederland gelei. Die verskillende pro-Boer organisasies in Nederland het hulle in 1881 verenig in ’n blywende organisasie om die belange van die Suid-Afrikaanse stamverwante te behartig, die Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging (NZAV). Die behartiging van “het Nederlands belang” in Suid-Afrika was vir die NZAV ’n saak van erns. Die Hollands-Afrikaanse kultuurelement in Suid-Afrika moes dus versterk word. Die kantore van die NZAV het in 1923 verhuis na Keizersgracht 141. Die maandblad *Zuid-Afrika* het hom sedert 1924 beywer vir kulturele en ekonomiese betrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika.[27]

Die totstandkoming van die Kulturele Verdrag tussen hierdie lande in 1951 het ook nuwe verpligtinge vir die vereniging meegebring. Die NZAV sou ook dien as ’n voorligtingskantoor vir voornemende emigrante na Suid-Afrika.[28] Hulle het nog altyd ’n hoë premie geplaas op hul onafhanklikheid, die waarde van kulturele kontakte, ’n kritiese dialoog en die oophou van kommunikasiekanale tussen die lande. Die NZAV was egter nie bereid om as kampvegter vir die apartheidsbeleid op te tree nie. Daarenteen het die Nederlands Zuidafrikaanse Werkgemeenschap (NZAW), wat in 1963 gestig is, apartheid gesteun. Dit is belangrik om daarop te wys dat die NZAW opgerig is, juis omdat die NZAV geweier het om ’n “pro-apartheid lobby” te word.[29] Die NZAV was heel krities oor die verloop van sake in Suid-Afrika gedurende 1976 en 1977. Volgens die maandblad *Zuid-Afrika* het die Suid-Afrikaanse regering “een heilloze weg” ingeslaan.[30]

Keizersgracht 141 is nog altyd beskou as simbool van die verbondenheid tussen Nederland en Suid-Afrika. Die NZAV het hom in ’n moeilike situasie bevind; uit die oogpunt van die Suid-Afrikaanse ambassade in Den Haag was die vereniging té krities, maar volgens die anti-apartheidsbeweging was hy nie krities genoeg nie.[31] Schutte, wat jarelank hoofredakteur van die maandblad *Zuid-Afrika* was, benadruk dat die blad “weigerde naar links of naar rechts te buigen voor de politieke waan van de dag, voor lobby of boycot. Onafhankelijk en informatief.”[32] Schutte en prof. V Brümmer het in ’n artikel ná “de overval” namens die hoofbestuur van

27 GJ Schutte, *Nederland en de Afrikaners*: *Adhesie en Aversie* (Franeker, 1986), pp. 37- 44, 83-100; GJ Schutte, “Kroniek van honderd jaar NZAV, 1881-1981”, *Jaarverslag van de NZAV, 1980*, pp. 5-32; BJH de Graaff, “De Ontstaansgeschiedenis van ‘Zuid-Afrika’”, *Zuid-Afrika*, November/Desember 1998, pp. 189-192.

28 *Jaarverslag van de NZAV,* 1964, pp.16-18.

29 HO Terblanche, *Nederland en die Afrikaner: Gesprek oor apartheid* (Port Elizabeth, 1998), pp. 33-36.

30 S de Boer, *Van Sharpeville tot Soweto: Nederlands regeringsbeleid ten aanzien van apartheid, 1960-1977* (Den Haag, 1999), pp. 359-360.

31 “Terugblik op vier decades in de NZAV”, *Zuid-Afrika*, April-Mei 2004, p. 54.

32 “Behouden vaart!” *Zuid-Afrika*, April 2005, pp. 39, 44.

die NZAV beklemtoon dat die NZAV “is geen vereniging met expliciete politieke doelstellingen of activiteiten en is zeker geen de apartheidspolitiek uitdragende of verdedigende organisatie”. Die vereniging wou juis deur voortgesette kulturele kontak en ’n kritiese dialoog verandering in Suid-Afrika help bevorder.[33]

Die NZAV het in ’n verklaring twee dae ná “de overval” benadruk dat die vereniging op generlei wyse “constructief” teenoor apartheid of die Suid-Afrikaanse regering staan nie. Hulle is nie ’n vereniging met politieke doelstellings of aktiwiteite nie. Die vereniging rig hom dus nie op die Suid-Afrikaanse regering nie, maar op die bevolking van Suid-Afrika. Die NZAV glo dat dialoog van mens tot mens die juiste en mees effektiewe omgangsvorm is.[34]

Schutte het as voorsitter op die algemene jaarvergadering van die NZAV in April 1984 nadruklik verklaar dat Keizersgracht 141 en die NZAV nie gebonde is aan die Suid-Afrikaanse regering nie en “ze vormen geen propagandacentrum voor de apartheid”. Die vereniging is “geen politieke lobbyclub, noch rechts noch links … de NZAV is geen pro-apartheidslobby, geen Zuidafrikaanse propaganda-organisatie”. Om Suid-Afrika te boikot of te isoleer is kontraproduktief. Hy was van mening dat “open culturele contacten met Zuid-Afrika een zekerder vorm van beïnvloeding van de Zuidafrikaanse situatie vormen dan welke culturele boycot dan ook”.[35]

Die historiese 17de eeuse herehuis te Keizersgracht 141 huisves waarskynlik die grootste versameling boeke oor Suid-Afrika buite die land self. Dit dien as ’n belangrike inligtingsentrum oor Suid-Afrika. Dit bevat seker die omvangrykste dokumentasiesentrum oor Suid-Afrika in Nederland en huisves die grootste afdeling Suid-Afrikaanse literatuur in Europa. Die versameling bestaan uit die biblioteke van die NZAV en van die Suid-Afrikaanse Instituut (SAI).[36]

Die biblioteek van die NZAV is die oudste en kleinste van die twee. Dit dateer uit 1881 toe die NZAV gestig is. Lede van die vereniging en vriende het oor baie jare heen, en veral sedert 1906, materiaal oor die taal, geskiedenis, volkekunde and kultuur van Suider-Afrika begin versamel. Die versameling bestaan uit ongeveer 5 000 titels van boeke en pamflette. Hieronder is seldsame Africana, soos reisbeskrywings uit vroeëre eeue en unieke foto’s en pamflette uit die tyd van die

33 ¨Vergelijking met CP grievend”, *Trouw*, 27 Januarie 1984; *Zuid-Afrika*, Februarie 1984, pp. 25-26.

34 “Verklaring NZAV”, *Zuid-Afrika*, Januarie 1984, p. 2.

35 “Toespraak voorzitter NZAV ter opening Algemene Vergadering”, *Zuid-Afrika*, April 1984, pp. 56-57. Kyk ook Schutte se openingswoord op die jaarvergadering in 1985, *Zuid-Afrika*, Mei 1985, pp. 68-70.

36 Vir ’n geskiedenis van dié historiese gragtehuis, kyk W Ph Coolhaas, *Het Huis “ De Dubbele Arend”* (Amsterdam, 1973). Kyk ook RC de Jong, ‘*Verborge-Een’: Nederlands-Suid-Afrikaanse instellings op Keizersgracht 141 te Amsterdam* (Pretoria, 1986).

Anglo-Boereoorlog. Hierdie versameling is in 1948 afgesluit en dit word sedertdien beheer deur die SAI.[37]

Die "Stichting ter bevordering van de studie van taal, letterkunde, cultuur en geschiedenis van Zuid-Afrika" het in November 1932 sy beslag gekry. Dié stigting het toe in 1933 'n besondere leerstoel, Afrikaanse taal- en letterkunde aan die Gemeentelijke Universiteit van Amsterdam, ingestel. Prof. Gerrit Besselaar het sy intreerede as hoogleraar in Oktober 1933 gelewer. Hy het dadelik begin met die opbou van 'n Afrikaanse boekery. Dié versameling het uitgebrei danksy skenkings uit velerlei oorde. Besselaar is in Oktober 1938 opgevolg deur dr. Elisabeth (Bettie) Conradie, wat na 'n kort siekbed in Oktober 1939 oorlede is.

Die SAI, wat in 1939 deur die stigting opgerig is, was een van haar skeppinge. Sy het die bestaande boekeversameling verder uitgebou. Die versameling het later so omvangryk geword dat 'n saal ingerig moes word as 'n tydelike biblioteeksaal. Dit is vervolgens in Mei 1939 oorgedra aan die bestuur van die stigting. Dít was die nederige begin van die SAI. Tydens die oorlogsjare en die Duitse besetting van Nederland is die boekery tydelik oorgedra aan die Universiteitsbiblioteek. Die boekery het onder die naam SAI in 'n afsonderlike studiesaal voortbestaan.[38]

In 1947 het die kapitaalkragtige Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland (ZASM) besluit om die gragtehuis in te rig as 'n moderne Van Riebeeckhuis wat kon dien as 'n kulturele sentrum en 'n ontmoetingsplek vir Suid-Afrikaners. Die biblioteke van die NZAV en die SAI kon ook daarin gehuisves word. Die biblioteek van die SAI is in 1948 na Keizersgracht 141 verskuif. Omdat daar nou twee verskillende biblioteke in die gebou was, moes die gragtehuis vir dié doel van binne verbou en gereorganiseer word; 'n proses wat in 1950 afgehandel is.[39]

NP van Wyk Louw het die leerstoel Afrikaanse taal- en letterkunde aan die Universiteit van Amsterdam van 1950 tot 1958 beklee. Van Wyk Louw se verwelkoming as hoogleraar in Mei 1950 het saamgeval met die opening van die nuwe SAI in die Van Riebeeckhuis. Hy het sy lesings in die biblioteek gegee.[40] Daar is gedurende 1979 'n begin gemaak met ingrypende verbouings en veranderinge aan die gragtehuis. Veral die biblioteek van die SAI het 'n dringende behoefte gehad aan "meer en beter geoutilleerde ruimtes". Die biblioteek het teen 1980 reeds 'n boekery van meer as 16 000 gehad; daarnaas is op sowat 160 tydskrifte en

---

37 SBI Veltkamp-Visser, "Afrikaans in Amsterdam", *Afrikaans Vandag*, November 1993. Kyk ook A Wessels, "'n Kultuurskat by uitnemendheid: Navorsingsmateriaal in die Van Riebeeckhuis, Amsterdam, met spesiale verwysing na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)", *S.A. Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, Mei 1999, pp. 104-120.

38 S Veltkamp-Visser, "De eerste leerstoel Afrikaans in Amsterdam", *Zuid-Afrika*, April/Mei 2003, pp. 50-53.

39 GJ Schutte, *Stamverwantschap onder druk*: *De betrekkingen tussen Nederland en Zuid-Afrika, 1940-1947* (Amsterdam, 2011), pp. 71-75, 137; De Jong, pp. 28-30.

40 Veltkamp-Visser, *Zuid-Afrika*, April/Mei 2003, pp. 50-53.

koerante ingeteken. Die gemoderniseerde Van Riebeeckhuis is in November 1980 heropen.[41]

Keizersgracht 141 het sedert 1999 bekend gestaan as Zuid-Afrika Huis. Die SAI se versameling boeke en pamflette het teen 2011 reeds 45 000 titels omvat. Die getal tydskrifte en koerante waarop ingeteken was, beloop ongeveer 600. Die SAI het oor die jare heen as ’n onafhanklike, wetenskaplike instituut gefunksioneer en dit was, veral sedert die tagtigerjare, ’n ontmoetingsplek “voor iedereen die vanuit welke hoek dan ook belangstelling had voor Zuid-Afrika”.[42]

## 5. REAKSIE VAN ANTI-APARTHEIDSAKTIVISTE

Enkele lede van die aksiegroep, “Amsterdammers tegen racisme en discriminatie”, het op 16 Januarie 1984, drie dae voor “de overval”, ook in Almere amok gemaak. Hulle het naamlik die raadskamer binnegestorm en nuutverkose raadslede van die ver-regse Centrumpartij aangerand. Burgemeester Lammers van Almere het die aksievoerders beskryf as “een heel domme kant van de samenleving”. Die aksievoerders het die Centrumpartij as fascisties beskou: “Tegen fascisten is geweld wel geoorloofd … We moeten tijdig en hard optreden tegen het fascisme.” Die aktiviste was in ’n onderhoud sinies oor die eerbiediging van die demokrasie: “Moet ik dat doen met een democratie die de Centrumpartij subsidieert en zendtijd geeft? Daarmee wordt het taboe op racisme doorbroken.” Hulle wou met alle geweld keer dat die Centrumpartij “een keurige partij” word.[43]

Die aksievoerders het hul optrede teen Keizersgracht 141 as volg gemotiveer: “Wij wilden een symbolische actie tegen onderdrukkende ideeën, tegen een organisatie die propaganda maakt voor een fascistisch en moorddadig regime …” Hulle het hul aksie gekoppel aan die verskuiwing van mense en al hul besittings in Suid-Afrika op grond van kleur: “Wij hebben dit instituut naar zijn thuisland willen sturen: de gracht … We hadden geen tijd om ook het meubilair in het water te gooien. Dus hebben we het belangrijkste gepakt, de administratie, de kaartenbakken en de boeken.”[44]

Hulle was verontwaardig omdat hul optrede as gewelddadig getipeer is: “Ach, wat is geweld? … Geweld is ook het toelaten van racisme en het sanctioneren van discriminatie.” Volgens die aksievoerders skiet die demokrasie tekort “als

41 “Tentoonstelling in vernieuwd pand Keizersgracht 141”, *Zuid-Afrika*, November/Desember 1980, p. 151.

42 E Jansen, “Keizersgracht 141: Huis met toekomst!” *Zuid-Afrika*, Junie 2011, pp. 124-127; A van Zanten, “45,000 boeken aan de Keizersgracht”, *Zuid-Afrika*, Mei 2011, p. 97; “Interview met Corine de Maijer door Ingrid Glorie”, <http://www.litnet.co.za/article/geef-mij-maar-boeken-en-het-komt-goed>, geraadpleeg 18 Februarie 2012.

43 “Geweld tegen fascisten mag”, *de Volkskrant*, 21 Januarie 1984; Knuth, pp. 56-58.

44 “Geweld tegen fascisten mag”, *de Volkskrant*, 21 Januarie 1984.

een instituut als de NZAV wordt getolereerd". Hulle kon dit nie begryp dat so 'n organisasie jare lank op Nederlandse grondgebied kon funksioneer nie. Volgens hulle vorm die biblioteek 'n aktiewe onderdeel van "het propaganda-apparaat. Ik heb met pijn in het hart prachtige boeken het water in geflikkerd." Die aktiviste roem ook daarop dat hulle geen persoon in die biblioteek geweld aangedoen het nie. Hulle het gevoel dat die Nederlandse regering sterker teen Suid-Afrika moes optree.[45]

Volgens woordvoerders van die aksiegroep "Amsterdammers tegen racisme en discriminatie" kom die aksievoerders uit allerlei groeperinge: uit die kraakbeweging, die antifascisme-beweging en die anti-apartheidsbeweging. Die aksiegroep het in 'n verklaring ná "de overval" onder meer gemeld: "Er is geen plaats voor organisaties die in welke vorm dan ook sympathiseren met het apartheidsregiem." Die NZAV is verwyt dat hy kulturele aktiwiteite met die blankes in Suid-Afrika stimuleer, vandaar hul optrede teen die biblioteek: "Het materiaal van de vereniging ligt nu waar het hoort: in de goot en in de gracht."[46]

Die Anti-Apartheids Beweging Nederland (AABN) was heel krities oor die "boekverdrinking". 'n Woordvoerder het hom as volg uitgelaat: "Deze methoden werken averechts. Als je tegen apartheid wilt vechten moet je veel mensen achter je krijgen. Ik denk dat een dergelijke actie de beweging tegen apartheid in een verkeerd licht stelt. Vooral in Amsterdam is de actie misplaatst. Burgemeester Ed van Thijn heeft zich regelmatig tegen apartheid en racisme uitgesproken. En nu moet hy politie inzetten tegen mensen die zeggen actie te voeren tegen apartheid. Het is een kortzichtige actie." Die vernielsug van die aksiegroep is veral veroordeel.[47]

Die AABN het hul dus van die aksie gedistansieer. 'n Woordvoerder het dit 'n ondeurdagte aksie genoem: "Wij zijn geen voorstander van dit soort methodes. Onze acties zijn erop gericht de beweging tegen de apartheid te verbreden. Hierdoor loop je het risico dat die beweging juist wordt versmald." Die woordvoerder het ook nog nooit van die groep gehoor nie. Hulle was ook nie bekend by 'n instelling soos die Anne Frank Stichting nie.[48] Die AABN het gevoel dat die aksie "eerder isolement dan mobilisering van andere groepen oplevert … en je loopt eerder het risiko dat het medestanders doet verwijderen". Daarby was die AABN geen voorstander van fisieke geweld en die gepaardgaande materiële skade nie.[49]

---

45 *Ibid.*

46 "Deel bibliotheek in de gracht", *de Volkskrant*, 20 Januarie 1984; *Het Vrije Volk*, 20 Januarie 1984.

47 *De Waarheid*, 21 Januarie 1984.

48 *NRC*, 20 Januarie 1984. Kyk ook I Glorie, "Archieven van de Nederlandse anti-apartheidsbeweging", *Zuid-Afrika,* Januarie 2013, pp. 8-9.

49 "AABN een reaktie", *Bluf!*, 2 Februarie 1984.

Die voorsitter van die AABN, Conny Braam, het die gewelddaad teen die NZAV afgekeur: "Het feit dat ze de NZAV pakken vind ik heel terecht, omdat het een gevaarlijke club is, die in de gaten gehouden moet worden. Maar ik vind het onjuist om je woede te richten tegen boeken, die daar in de bibliotheek stonden … Dat riekt naar boekverbranding. Dat zijn methodes, die worden door de vijand gebruikt. Het was een actie die gericht was tegen het geschreven woord. Dat vind ik heel erg. Ik vind het ook heel erg fout."[50]

Die AABN het in sy reaksie ook daarop gewys dat die biblioteek van die SAI nie alleen deur voorstanders van die apartheidsbewind geraadpleeg word nie. Die boekeversameling, wat uniek is, kan bestudeer word juis ook om die apartheidsbewind te bestry. Die AABN was ten gunste daarvan dat die boeke verwyder word van Keizersgracht 141 en vervolgens oorhandig word aan die biblioteek van die Universiteit van Amsterdam (UvA).[51]

Die krakersblad *Bluf!* het die houding van die aksiegroep, "Amsterdammers tegen racisme en diskriminatie", gereflekteer. Die NZAV is as 'n belangrike "pro-apartheidslobby" beskou. Die anti-apartheidsaktiviste was teleurgesteld dat die Nederlandse regering nie die pro-Suid-Afrikaanse instellings in Nederland ná die opsegging van die Kulturele Verdrag in 1981 gesluit het nie, daarom het die aksiegroep besluit om self 'n begin daarmee te maak. "De overval" moet dus teen daardie agtergrond belig word.[52]

Die feit dat die Nederlandse pers so negatief reageer het, het die militantes erg teleurgestel. Hulle was veral ontnugter en verbaas oor die negatiewe reaksie van die AABN. Die grondliggende kwessie het gehandel oor die manier waarop die fascisme en rassisme bestry moes word: "Wie of wat geeft deze organisaties (soos die AABN) het recht om te oordelen over welke strategie Goed en welke Fout is?" Hulle begryp nie die reaksie van die AABN nie, veral omdat dié organisasie die "tegengeweld" van die ANC ondersteun. Daar is gevoel dat die AABN die aksievoerders in die rug gesteek het. Die standpunt is gestel dat "anti-apartheid een zaak van alle Nederlanders is en geen monopolie van enkele organisaties". Die anti-apartheidsgroeperinge het dus nie uit één mond gepraat wat "de overval" betref nie.[53]

Die Werkgroep Kairos, wat as 'n anti-apartheidsdrukgroep gefunksioneer het, het hulle ook heeltemal gedistansieer van die "boekverdrinking" aan Keizersgracht 141: "Het vernielen van deze boeken levert naar het oordeel van de Werkgroep geen bijdrage aan de strijd tegen de apartheid."[54]

50 Buijs, p. 59; "De NZAV en haar pro-apartheidslobby", *Zuidelijk Afrika Nieuws*, April 1984, pp. 16-17.
51 *de Volkskrant*, 20 Januarie 1984; *Bluf!*, 2 Februarie 1984.
52 "Apartheid de gracht in", *Bluf!*, 26 Januarie 1984.
53 *Ibid.*
54 *Amandla*, Maart 1984, p. 9.

*Amandla*, die spreekbuis van die Komitee Zuidelijk Afrika (KZA) en Kairos, het 'n tweeledige artikel gepubliseer oor Keizersgracht 141 en sy inwoners. Die artikels is gebaseer op dokumentasie en korrespondensie wat tydens "de overval" verwyder is. Die eerste artikel verwys so in die verbygaan na die "zinloze weggooien van kostbare boeken". Die hoofdoel van die artikel was om te fokus op die rol wat die verskillende verenigings in die gragtehuis speel "in de pro-Zuid-Afrikalobby in Nederland". Uit die korrespondensie blyk dit dat dit "om een uiterst rechts gezelschap gaan". *Amandla* het 'n probleem omdat die NZAV agter die skerms voortdurend kontak maak met die apartheidsbewind in Suid-Afrika. Daarby ondersteun die Suid-Afrikaanse owerheid die NZAV op 'n gereelde grondslag deur finansiële bydraes. Hierdie Suid-Afrikaanse steun toon duidelik aan dat die NZAV nie so onafhanklik is soos wat hy graag voorgee nie.[55]

*Amandla* was ook ongelukkig oor die feit dat die NZAV ná die opsegging van die Kulturele Verdrag nog steeds gepoog het om die kulturele betrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika op 'n ander manier in stand te hou. Die boekery van die SAI is nie beskou as 'n neutrale biblioteek nie, maar as 'n onderdeel van die pro-apartheidslobby. Hulle was ook ten gunste daarvan dat die historiese boekery so gou as moontlik oorgedra moes word aan die universiteitsbiblioteek, sodat iedereen vrylik van die boeke gebruik kon maak. Die NZAV is verder daarvan beskuldig dat hy kontak maak met "allerlei radikaal rechtse organisaties … Toon mij uw vrienden en ik zal u zeggen wie u bent."[56]

Fennema het in sy tweede artikel, wat gegrond is op dokumentasie wat uit Keizersgracht 141 verwyder is, probeer aantoon in watter mate die NZAV en sy verwante organisasies "zich laten inschakelen in het propaganda-apparaat van het apartheidsregime, en hoe Pretoria dat financiert". Volgens die anti-apartheidsaktiviste was die NZAV agter die skerms aktief as 'n "politieke lobby-klub", wat binne die politieke spektrum in Nederland kontak gemaak het met regsgesinde politici. Binne die bestuur van die NZAV was daar ook in die tagtigerjare duidelik sprake van "een verrechtsing". Volgens Fennema het 'n "radikaal-rechtse stroming in de NZAV" na vore gekom. Die NZAV en die ander verenigings het eweneens, aldus *Amandla*, finansiële steun van die Suid-Afrikaanse regering ontvang. Daar was ook noue kontak met die Suid-Afrikaanse ambassade in Den Haag. Kritiek is hierbenewens uitgespreek oor die feit dat die NZAV hom primêr rig op die Afrikanervolk.[57] Dit gaan dus hier oor verskillende interpretasies wat betref die ingesteldheid van die NZAV.

55 W Fennema, "Een huis vol apartheid", *Amandla*, Maart 1984, pp. 7-9.
56 *Ibid*.
57 W Fennema, "Op de bres voor de broedernatie", *Amandla*, April 1984, pp. 16-19.

## 6. SUID-AFRIKAANSE REAKSIE

Die aksiegroep se daad van vandalisme is in Suid-Afrika in sterk taal afgekeur en wyd veroordeel. “De overval” het *Die Burger* glad nie verbaas nie: “In ’n land waar ’n klimaat van byna paranoïese bemoeisiekheid met Suid-Afrika in sekere kringe heers, kan ’n mens enigiets verwag. Periodieke dreigemente van boikotte en sanksies … het ook tot dié gees van onverdraagsaamheid en blinde vyandigheid bygedra.” Volgens *Die Burger* het die groep jeugdiges “hulle skuldig gemaak aan barbarisme wat sterk herinner aan die verbranding van boeke in Nazi-Duitsland”. Dit is ironies dat van die Nederlandse anti-apartheidsaktiviste die biblioteek ook vir hul eie navorsing gebruik. Die koerant het die sterk reaksie teen die wandaad in Nederland as verblydend ervaar, en bygevoeg: “Só ’n daad van kulturele terreur behoort deur die hele beskaafde wêreld sterk veroordeel te word.”[58]

Die dagblad *Beeld* was glad nie verbaas oor die “boekverdrinking” nie: “’Zo de ouden zongen zo piepen de jongen’ … In Nederland bestaan daar jare lank al ’n klein maar raserige groepie wat meen dat wat hulle oor Suid-Afrika kwyt raak groot gewig dra. Die jong vandale van Amsterdam het maar net gedoen wat hul ouer voorgangers al jare predik.” Die verwoesting van boeke herinner ’n mens aan “’kristalnagte’ en jillende bendes in bruin hemde en kapstewels”. *Beeld* vind dit ook treurig, omdat die handjievol kultuurmense wat pleit vir die behoud van bande tussen die twee lande, steeds ’n verloorstryd voer. Die blad het geglo dat die behoud van kultuurbande vir Nederland en Suid-Afrika voordeel inhou: “Hopelik sal ’n normale kultuurverkeer eendag weer moontlik wees.”[59]

Volgens *Die Transvaler* is die woede in Suid-Afrika waarskynlik die beste opgesom deur die gryse mnr. H Bloem, wat van 1922 tot 1951 administrateur van die NZAV was. Bloem het daarna na Suid-Afrika geëmigreer. Hy het dit as ’n jammerlike voorval bestempel: “Dit lyk of Holland ’n nuwe besetting het. Eers was dit die Duitsers, en nou is dit ’n besetting deur die gepeupel. As die swygende meerderheid hulle monde wou oopmaak, sou ’n groep soos dié nie hond-haaraf kon maak nie.” *Die Transvaler* het daaraan toegevoeg: “Die waarheid is dat die vandale die vyandige houding van agtereenvolgende Nederlandse regerings verbygetrek het tot ’n punt wat altyd as ’n swart kol in die eens trotse geskiedenis van Nederland bekend sal staan.” Die blad het gemeld dat daar teen veralgemening gewaak moes word en dat perspektief behou moes word. Daar is nog steeds duisende Suid-Afrikaners en Nederlanders wat bloed- en vriendskapsbande handhaaf: “En die behoudende pers in Nederland striem die vandale.”[60]

---

58 “Vandalisme in Amsterdam”, *Die Burger*, 23 Januarie 1984.
59 “Aartjies na vaartjies”, *Beeld*, 23 Januarie 1984.
60 “Vandalisme in Amsterdam”, *Die Transvaler*, 27 Januarie 1984.

Ook die *Pretoria News* het die vandale skerp veroordeel: "Those mindless cultural savages who destroyed most of a priceless collection of South African literature in Holland in the cause of anti-apartheid, are almost a justification of apartheid – against themselves. Their kind of vandalism smacks of the Nazis trampling through the museums of Europe."[61]

*Beeld* het in 'n verdere stuk kommentaar die Nederlanders geroskam omdat hulle 'n "eiewyse volkie" is: "Die Hollanders is reeds wêreldbekend daarvoor dat hulle oor almal se probleme begaan is en vir almal raad het … Daarom is hulle so lief daarvoor om 'n vermanende vingertjie na ander mense te wys!" Maar dié slag het die spul vandale wat kosbare Africana in die grag gegooi het, "verder gegaan as om net vinger te wys. Miskien is dit omdat baie Hollanders om die een of ander rede glo dat wat hulle oor Suid-Afrika te sê het, besondere gewig dra. Daar is mense wat meen dat Nederland se morele lawaaierigheid spruit uit sy skuldige koloniale gewete." Verder is daarop gewys dat behalwe vir 'n klein tydjie onder pres. Paul Kruger, die verhoudinge tussen die Afrikaner en Nederland nooit juis besonder hartlik was nie: "Vandag tel Suid-Afrika hoofsaaklik sy Nederlandse vriende onder die geledere van mense bo sestig."[62]

*Beelden*, die mondstuk van die Suid-Afrikaanse ambassade in Brussel, het onder meer as volg gereageer: "De bibliotheek van de NZAV is van onschatbare waarde … De bibliotheek is uniek. Een stuk cultuur werd hier zinloos vernield. Zowel Nederland als Zuid-Afrika worden door deze onverantwoorde daad geschaad … Op 19 januari 1984 werd een aanslag op de cultuur gepleegd. Dit is het edelste wat een volk bezit."[63]

Die destydse destydse Suid-Afrikaanse minister van buitelandse sake, mnr. RF (Pik) Botha, het in 'n verklaring onder meer gesê: "Dit is betreurenswaardig dat die Nederlandse regering nie sy afkeur oor hierdie daad van vandalisme in die openbaar gerep het nie. Alhoewel 'n organisasie aanspreeklikheid aanvaar het en 'n betreklik groot groep persone by die vandalisme betrokke was, is niemand nog in hegtenis geneem nie … Daar is inderdaad 'n groot aantal Nederlanders wat diep besorg is oor die gevolge van die laat-maar-loop-beskouing ten opsigte van wetsverontagsaming." Botha was ook daaroor bekommerd of die Nederlandse regering die veiligheid van Suid-Afrikaanse personeel en geboue, in die lig van wat gebeur het, kon waarborg.[64]

Die biblioteek van die SAI was ná die aanval 'n tyd lank gesluit. Daarna is uiters streng toelatingsvereistes vir die biblioteek ingestel. Gerrit Olivier, dosent in Afrikaans aan die Universiteit van die Witwatersrand, was van mening

61 "Sickening", *Pretoria News*, 20 Januarie 1984.
62 "Eiewyse volkie", *Beeld*, 26 Januarie 1984.
63 *Beelden*, Februarie 1984, p. 7.
64 *Ibid*., Maart 1984, p. 7.

dat dit ’n ramp sou wees as die biblioteek nie meer toeganklik sou wees nie. Dit sou die studie van Afrikaans in Amsterdam ernstig benadeel. Prof. Elize Botha, van die departement Afrikaans aan Unisa, het daarby aangesluit: “Wanneer die SAI se versameling opgeruim en herstel is, moet daaraan gedink word dat Afrikaans nog lewend in Holland en Amsterdam is, en met inagneming van die normale veiligheidsprosedures, moet studente onbelemmerd toegang hê tot werke in Afrikaans. As beheerde maar vrye toegang in die pad staan van die studie van Afrikaans in Amsterdam, dan moet ons werklik dink aan alternatiewe huisvesting …”[65]

## 7. NEDERLANDSE REAKSIE

Die gewelddaad is oor ’n wye front deur die Nederlandse pers veroordeel. *de Volkskrant* het die volgende kommentaar gelewer: “Een bibliotheek vernielen en boeken in de gracht gooien, dat komt akelig dicht in de buurt van boekverbrandingen.” Die blad bestempel “de overval” as “politieke onzin en weerzinwekkend”. Die gewelddaad was onbegryplik, juis “omdat het om boeken gaat die door iedereen gebruikt kunnen worden”. Die optrede is “primitieve uitingen van afkeer, die echter het politieke streven van de daders eerder benadelen. Het vernielen van boeken zal niemand van de perfiditeit van het Zuidafrikaanse regime overtuigen die daar al niet van overtuigd was. Het zal gematigden eerder schrik aanjagen voor sommige tegenstanders van Pretoria.” Die blad het verder die hoop uitgespreek “dat er zeer weinig anti-racisten zijn die racisten op het punt van domheid proberen in te halen en dat die weinigen hun verstand gaan gebruiken. Vandalisme en lijfelijk geweld overtuigen nooit.”[66]

Die dagblad *Trouw* het daarop gewys dat daar prinsipieel gesien geen verskil is tussen die verbrand en in die grag gooi van boeke nie: “Het komt voort uit een perfide mentaliteit, die – ook door iemand die bang is voor woordinflatie – als fascistisch moet worden bestempeld.” Die blad het gewys op die unieke versameling van die SAI en die feit beklemtoon dat die SAI juridies en bestuurlik losstaan van die NZAV. Volgens *Trouw* is “het een schandaal voor een open en vrije stad als Amsterdam dat de vereniging (NZAV) volstrekt anoniem door het leven moet en zelfs haar naambordje niet aan haar huis kan plakken”. Die kosbare boekeversameling kan deur iedereen gebruik word wat met argumente die politiek van die Suid-Afrikaanse maghebbers wil bestry. Die tragiese van “de overval” is

65 “’n Oorreaksie kan Afrikaans knou”, *Beeld*, 14 Augustus 1984; “Zuidafrikaans in het gedrang”, *Algemeen Dagblad*, 12 Januarie 1985.

66 “Vandalisme”, *de Volkskrant*, 20 Januarie 1984.

dat "waar vandaag boeken verdronken worden, zal dat morgen mensen overkomen, zo moeten we helaas een oud gezegde over boekverbrandingen variëren".[67]

Die *Haagse Courant* het verwys na die metodes wat deur die aksievoerders gebruik is en die vraag gevra: "Wat is hier dan nog het verschil met de boekverbrandingen, die vijftig jaar geleden onder Adolf Hitler werden begonnen?" Die blad het verwys na die feit dat apartheid heel tereg bestry moet word, maar daarby gevoeg: "Wanneer nu echter tot dezelfde intolerantie wordt overgegaan als die, welke moet worden aangepakt, is men op een verkeerde en vooral domme weg. Men kan niet de geschiedenis en evenmin de realiteit van vandaag uitwissen door historische werken in het water te gooien, geen enkel systeem kan door boekverbrandingen worden bestreden." Die blad het verwys na bepaalde Nederlandse aksiegroepe wat 'n metodiek toepas "die even benauwend is als de theorie van degenen die men zegt te bestrijden". Die *Haagse Courant* noem dit "stupiditeit".[68]

Koerante het daarop gesinspeel dat die aksiegroep se optrede fascisties van aard is. In die *Nieuwsblad van het Noorden* skryf Ger Vaders oor "de tirannie van de gelijkhebbers". Hy maak die stelling dat "als elke groepering zijn eigen gelijk met tiranniek geweld aan de rest van Nederland wil opleggen staat de burgeroorlog voor de deur".[69]

In 'n verdere rubriek wou Ger Vaders weet waarom die vandale nog steeds vry rondloop. Hy wys daarop dat "wie vandaag boeken verzuipt, verzuipt morgen mensen". Hy tref weer eens 'n analogie met die nasionaal-sosialiste in Duitsland wat 'n halwe eeu gelede boeke verbrand het. Vaders wou ook weet waarom burgemeester Van Thijn "de boekenverdrinkers de hand boven het hoofd houdt". Hy betwyfel ook die bekwaamheid van die Amsterdamse polisiemag. Die gewelddaad "heeft de apartheid een respectabiliteit gegeven, die het niet verdient".[70]

Volgens *Het Parool* het die vandalistiese aksiegroep hulle skuldig gemaak aan terreur: "Daar kan niemand, ook niet de meest overtuigde bestrijder van het verfoeide apartheidssysteem in Zuid-Afrika een goed woord voor over hebben." Ander koerante het in dieselfde trant geskryf.[71] Jan Eijkelboom het in *Het Vrije Volk* verwys na die volgende "barbaarse praktijk": Mohammed II het tydens die verowering van Konstantinopel in die 15de eeu, sy losbandige soldate toegelaat om die stad leeg te plunder. In dié proses is duisende boeke in die see gegooi.[72]

Die Nederlandse skrywer, Adriaan van Dis, wat 'n groot liefde vir Afrikaans het, het hom sterk uitgespreek teen "de overval". Hy skryf onder meer: "Het

67 "Een schanddaad", *Trouw*, 21 Januarie 1984.
68 "De verbeelding aan de macht?", *Haagse Courant*, 20 Januarie 1984.
69 "Reacties op vernielingen", *Zuid-Afrika*, Februarie 1984, p. 24.
70 *Nieuwsblad van het Noorden,* 15 Februarie 1984.
71 "Wat ons in Nederland bezig houdt", *Nederlandse Post*, Maart 1984, p. 7.
72 "Boekverdrinking", *Het Vrije Volk*, 31 Januarie 1984.

geeft geen pas bibliotheken te bestormen. Wil je je vijand treffen dan moet je zijn geschriften bestuderen, ze niet vernietigen, opdat men er nu en later lering uit kan trekken." Hy het tydens sy studie van die Afrikaanse letterkunde die biblioteek van die SAI gebruik. Hy was verbysterd toe hy foto's sien van kosbare boeke wat met olie en verf besmeer is. Hy benadruk dat die biblioteek veral gebruik word deur navorsers en studente wat krities oor Suid-Afrika is: "Want één ding moet de NZAV worden nagegeven: de boeken van alle signatuur over en uit Zuid-Afrika werden in de bibliotheek opgenomen, ook werken van het Zuid-Afrika verboden ANC." Vanweë die aksievoerders sal die biblioteek in die toekoms nie meer so toeganklik vir iedereen wees nie – 'n feit wat Van Dis betreur.[73]

Die akademikus, Hans Ester, wat ook 'n medewerker van die blad *Trouw* was, was eweneens erg verontwaardig. Die "boekverdrinking" was volgens hom "een puur vandalistische daad geweest". Die optrede kan beskou word "als een uiting van fundamenteel onbehagen over onze samenleving in het algemeen … Voor dat onbehagen is een uitlaatklep gezocht en gevonden." Feit van die saak is dat "Zuid-Afrika tot de paria onder de naties is geworden en dat er rond de contacten vanuit Nederland met personen of instellingen in Zuid-Afrika een waar angstklimaat is geschapen. Zuid-Afrika is vogelvrij en wie zich schuldig maakt aan contacten met de mensen van dat land, zal van deze misdaad de gevolgen ondervinden." In die lig van die klimaat van intimidasie en angs, was hy glad nie verbaas dat die aksie in Amsterdam plaasgevind het nie.

Die situasie in Suid-Afrika is sodanig kompleks "dat woeste oorlogskreten niets uithalen", aldus Ester. Vervolgens maak hy die belangrike stelling: "Aan iedere stellingname moet een zorgvuldig informatieproces voorafgaan. Daar hebben we de boeken voor nodig, die nu in het water zijn beland."[74]

Boudewijn Büch het in 'n opiniestuk in die weekblad van die UvA sy standpunt onomwonde gestel: "De boekvernietigers zijn natuurlijk wèl dom. Je vernietigt geen boeken, stencils, brieven en geschriften. Omdat ik uit ervaring weet dat de NZAV *alles* verzamelt – vooral ook anti-apartheids publikaties – zou zij tot in lengte van dagen een bewijslast hebben kunnen betekenen tegen het huidige Zuidafrikaanse regiem." Hierdie jeugdiges het Suid-Afrika 'n wapen in die hand gegee: "In Zuid-Afrika verbieden ze boeken. In Nederland, zo kraait waarschijnlijk nu al de officiële Zuidafrikaanse pers, haalt cultuurloos geteisem (gespuis) de bibliotheken leeg."[75]

Büch het ook vir Adriaan van Dis om kommentaar genader. Van Dis het dit sterk benadruk dat 'n mens nooit, maar dan ook nooit, enige biblioteek mag

73 "Met weerzin geschreven", *NRC Handelsblad*, 30 Januarie 1984. Kyk ook Adriaan van Dis se lesing oor Afrikaans, *Zuid-Afrika*, Junie 2011, pp. 119-121.

74 "Boekverdrinking was puur vandalisme", *Trouw*, 2 Februarie 1984.

75 "Geen kans voor Kruger aan de Keizersgracht", *Folia*, 21-28 Januarie 1984, p. 5.

vernietig nie. Hy het die unieke aard van die SAI-biblioteek beklemtoon: "De boekerij bevat een grote hoeveelheid werken van Zwart-afrikaanse auteurs … De vereniging wordt gevoed door *alle* Zuidafrikaanse uitgeverijen, ook door uitgeverijen die het regime niet welgevallig zijn." Hy was baie krities oor die aksievoerders: "Men heeft de anti-apartheidsbeweging eerder een arm afgehakt dan dat men haar geholpen heeft. De bewijslast tegen het Zuidafrikaanse regime ligt in het water en staat niet meer, raadpleegbaar, op de plank."[76]

Die Maatschappij der Nederlandse Letterkunde in Leiden het ook sy besorgdheid uitgespreek oor die vernietiging van die boeke en tydskrifte: "De collectie van dit Instituut bevatte onvervangbaar materiaal ter bestudering van alle vraagstukken en opinies betreffende Zuid-Afrika en zijn buurlanden." Die Maatschappij het die hoop uitgespreek dat vrye toegang tot die oorblywende materiaal in die toekoms moontlik sal wees.[77]

Briewe aan *Trouw* het "de overval" verdoem. 'n Briefskrywer van Rotterdam het genoem dat die gewelddaad aangetoon het "waartoe een door haat verblinde massa in staat is … Deze terreurdaad, uitgevoerd door een aantal lafhartige vandalen toont aan hoe broos onze democratie is. Een overheid die faalt om aan deze misdadige praktijken een einde te maken is mede schuldig aan het feit dat straks weer 'laarzen dreunen door onze straten'." 'n Briefskrywer van Amsterdam verwys na die vandale as "het gepeupel". Hy wonder waarom die burgemeester van Amsterdam, politieke partye en die Raad van Kerke in Amsterdam hieroor die stilswye bewaar het: "Terwijl hier toch onze democratie in het water werd gegooid." Skrywers tref vergelykings met wat in Nazi-Duitsland gebeur het: "We zien hier dus dat zij, die het hardste schreeuwen het fascisme te bestrijden, door hun onverdraagzaamheid zelf de grootste fascisten zijn."[78]

## 8. SAMEVATTING

Amsterdam was in 'n sekere mate die senusentrum en brandpunt van anti-apartheidsprotesaksies in Nederland gedurende die 1970's en 1980's. As burgemeester van Amsterdam ( 1983-1994 ) het Ed van Thijn hom as 'n passievolle anti-apartheidsaktivis geopenbaar.[79] Die tagtigerjare is gekenmerk deur steeds toenemende links-radikale verset en gewelddadige optrede teen apartheid. Optrede rondom temas soos kernenergie, antimilitarisme, anti-imperialisme, antifascisme en antirassisme het al hoe meer op die voorgrond getree. "De overval" op 19 Januarie

76 *Ibid*.
77 Maatschappij der Nederlandse Letterkunde, Persverklaring, geen datum.
78 *Trouw*, 26 en 27 Januarie 1984.
79 HO Terblanche, "Amsterdam as 'n anti-apartheidstad", *Historia*, November 2012, pp. 150-181. Kyk ook C van Lakerveld (red.), *Nederland tegen Apartheid* ( Amsterdam, 1994).

1984 was die begin van gewelddadige aksies teen apartheid in Nederland. Die terreurgroep RaRa het die eerste keer in September 1985 aanspreeklikheid aanvaar vir ’n geweldsdaad (die afbrand van ’n Makro-onderneming). RaRa het dus eers 20 maande ná die aksiegroep “Amsterdammers tegen racisme en discriminatie” op die voorgrond getree.

Die “boekverdrinking” het as geen verrassing gekom nie, veral in die lig van die feit dat daar in Nederland gedurende die tagtigerjare ’n klimaat ontstaan het wat sodanige aksies in die hand gewerk het. Die bestryding van apartheid het ontaard in ’n felle en paranoïese haatveldtog teen Suid-Afrika. Vir links-radikale groeperinge was Suid-Afrika soos ’n rooi doek vir ’n bul. Emosies het hoogty gevier en rasionele denke het agterweë gebly. Onkunde het swaarder geweeg as realiteit.

Die versetgroep wat die kosbare boeke in die grag gegooi het, het die NZAV voorgestel as ’n politieke pro-apartheid klub. Die NZAV was wel pro-Suid-Afrikaners, maar nié pro-apartheid nie. Hulle het hul meermale sterk uitgespreek teen die wyse waarop apartheid in Suid-Afrika toegepas is. Maar omdat hulle nie bereid was om Suid-Afrika te boikot of te isoleer nie, is hulle summier as voorstanders van apartheid bestempel. Die NZAV wou graag kulturele bande met Suid-Afrika handhaaf en het geglo dat ’n kritiese dialoog kon bydra tot vreedsame hervormings in Suid-Afrika.

Die biblioteek van die SAI was ook geen pro-apartheidsinrigting van die NZAV nie. Dit was ’n wetenskaplike biblioteek, die grootste oor Suid-Afrika in Europa en toeganklik vir alle navorsers. Dit het talle publikasies oor ’n wye spektrum gehuisves: van Suid-Afrikaanse regeringspublikasies tot anti-apartheidsdokumente. Dit het selfs werke wat in Suid-Afrika verban was, gehuisves, sowel as verskeie boeke deur swart Suid-Afrikaners.

Daar was grootliks eenstemmigheid in Suid-Afrika én in Nederland dat die politieke vandale met hul optrede beskaafde norme en standaarde oorskry het. Hulle is uit feitlik álle oorde veroordeel. Selfs die anti-apartheidsorganisasies het hulle veroordeel. Opvallend was die feit dat die meeste koerante in Suid-Afrika én in Nederland die “boekverdrinking” in dieselfde asem genoem het as die verbrand van boeke in Nazi-Duitsland. Die aksievoerders het beslis die anti-apartheidsveldtog in Nederland groot skade berokken. Kortom: “De overval” was bloot ’n eenmalige protesgeweldsdaad wat geensins Nederlandse regeringsbeleid of kiesers se houding teenoor Suid-Afrika verander het nie.